SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 07/2018

07/03/2018

Algemene Inligtingsvergadering 14 Maart 2018

SAOU-lede, maar veral skoolhoofde, is na alle waarskynlikheid teen hierdie tyd bewus van die felle smeerveldtog teen die SAOU en senior ampsdraers. Die Nasionale Dagbestuur, bestaande uit die President en die nege Provinsiale Voorsitters, het opdrag gegee dat inligtingsvergaderings met Provinsiale Uitvoerende Rade en waar nodig algemene inligtingsvergaderings vir lede in alle provinsies gehou moet word. Tydens hierdie vergaderings is volledig terugvoering mbt die vele aantygings teen die SAOU en senior ampsdraers verleen. Hierdie inligtingsvergaderings op provinsiale vlak is bykans voltooi.

Die Dagbestuur het ook opdrag gegee dat 'n algemene inligtingsvergadering voor die aanvang van die Nasionale Uitvoerende Raad (NUR) (die hoogste gesag in die SAOU tussen Kongresse) gehou moet word. Daar is reëlings getref dat die SAOU se regsverteenwoordiger en die ouditeur aanwesig sal wees en volledig op elkeen van die aantygings, en moontlik ook ander onsekerhede, verslag sal lewer. Die NUR sal na afloop van die vergadering besprekinge in oorweging neem en die gepaste besluite neem.

Die besonderhede van die inligtingsvergadering is soos volg:
Datum: Woensdag 14 Maart 2018
Tyd: 08:00 – 09:00
Venue: SAOU kantore, Serenestraat 278, Garsfontein
Afsnydatum vir registrasies: Maandag 12 Maart 2018 om 16:00

Die vergadering is 'n geslote vergadering vir SAOU-lede en slegs lede wat geregistreer het, mag bywoon. Indien u hierdie vergadering wil bywoon, is u welkom om die meegaande registrasievorm te voltooi – kliek hier.

General Information Meeting 14 March 2018

SAOU members, but especially school principals, are in all probability acutely aware of the serious smear campaign against the SAOU and its senior office bearers. The National Standing Committee, comprising the President and the nine Provincial Chairpersons, has instructed that information meetings must be held with the Provincial Executive Councils, and where necessary, general information meetings must be held. During these meetings detailed feedback was provided in regard to the numerous accusations against the SAOU and senior office bearers. These provincial information meetings will be completed during this week.

The Standing Committee also instructed that a general information meeting must be held prior to the commencement of the National Executive Council (NEC) (the highest authority between Congresses). During this meeting the SAOU's legal representative and auditor will be present to deal with each of the accusations, as well as other enquiries. After the information meeting the NEC will consider the discussions and take the appropriate decisions.

The details of the information meeting are as follows:
Date: Wednesday, 14 March 2018
Time: 08:00 – 09:00
Venue: SAOU offices, 278 Serene Street, Garsfontein
Closing date for registrations: Monday, 12 March 2018 at 16:00

The meeting is restricted to SAOU members and only members who have registered may attend. If you wish to attend you are welcome to complete the registration form – click here.